# ATKV-betrekkings

## ATKV-hoofkantoor

## Kursusontwerper: ATKV-Instituut

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as kursusontwerper by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die kursusontwerper is verantwoordelik vir die beplanning, ontwikkeling en implementering van relevante aanlyn kursusse vir die ATKV. Die fokus is om programme te ontwikkel wat studente toerus met vaardighede volgens bestaande ATKV-kursusse, en om nuwe kursusse te skep soos die behoeftes ontstaan.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensningsbeleid.

**Vernaamste verantwoordelikhede:**

- Navorsing oor markbehoeftes en vaardigheidsontwikkeling onder jong volwassenes.
- Ontwikkel opleidingsmateriaal, modules, assesserings en ondersteunende leerbronne vir aanlyn platforms.
- Ontwerp digitale kursusse kreatief met behulp van ontwerpsagteware en aanlyn platforms.
- Bied administratiewe ondersteuning aan studente op die digitale platform.
- Werk saam met interne en eksterne kundiges om relevante kursusinhoud te verseker.
- Hersien en verbeter bestaande kursusse op ’n gereelde basis.
- Verseker dat kursusse prakties, toeganklik en relevant vir die teikenmark is.
- Ondersteun die implementering van kursusse, beide aanlyn en fisiek.
- Monitor en evalueer die doeltreffendheid van programme.

**Minimum vereistes:**

- ’n Gepaste kwalifikasie in opvoedkunde, opleidingsontwikkeling, of ’n grafiese verwante veld.
- Ondervinding in kursusontwikkeling of opleidingsontwerp is ’n sterk aanbeveling.
- Ervaring en kwalifikasies in grafiese ontwerp en ontwerpsagteware is voordelig.
- Uitstekende skriftelike en mondelinge kommunikasievaardighede in Afrikaans.
- Passie vir ontwikkeling en opleiding.
- Vermoë om selfstandig en sonder toesig te werk.
- Goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede.
- Kreatief en innoverend.
- Betroubaar en doelgerig.
- Goeie samewerkings- en interpersoonlike vaardighede.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV na:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **20 Maart 2026** voor **12:00.**
Gebruik asseblief as verwysing: **HKKO01**

**Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**